

Lekkerny vir Paasfees:

## OPSTANDINGS-ROLLETJIES



Bestanddele: Margarien, kaneelsuiker, marshmallows, brooddeeg.



Rol die brooddeeg uit en sny in reghoeke. Dit verteenwoordig die linnedoek waarin Jesus se liggaam toegedraai is.




Doop die marshmallow in die gesmelte margarien. Die marshmallow verteenwoordig Jesus se liggaam en die margarien die olie waarmee Jesus gesalf is.



Rol die marshmallow in die kaneelsuiker. Dit verteenwoordig die speserye waarmee sy liggaam voorberei is.



Maak die marshmallow goed toe met die brooddeeg wat die linnedoek verteenwoordig.



Sit die rolletjies in die warm oond en maak die oonddeur toe soos die graf verseël is. Bak vir 15 minute.



Laat die rolletjies afkoel vir ± 5 minute. Breek die rolletjies oop en sien... die graf is leeg!

Rom 10:9: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.

Hierdie **bakaktiwiteit** is 'n manier om kinders van die **opstanding** te leer.

"Elke bestanddeel in die resep herinner ons aan iets wat gebruik is om Jesus se liggaam voor te berei vir sy **begrafnis**. Die gebakte rolletjies laat ons dink aan Sy **opstanding**.

**Brooddeeg** uitgerol en in blokkies gesny herinner ons aan die **linnedoeke** waarin Jesus se liggaam toegedraai is.

1 **marshmallow** vir elke rolletjie stel Jesus se **liggaam** voor.

Gesmelte **margarien** (omtrent 25 ml vir 8 rolletjies) verteenwoordig die **olie** waarmee Jesus se liggaam gesalf is.

**Kaneelsuiker** (ongeveer 20 ml suiker en 10 ml kaneel) verteenwoordig die **speserye** waarmee hulle Jesus se liggaam voorberei het."

Voorverhit die oond tot 180°C. Terwyl die oond warm word, kan jy die volgende voorlees:

"**Mat 27: 57 - 60:** Laat die middag het daar 'n ryk man aangekom. Dit was Josef van Arimatea, wat self ook 'n volgeling van Jesus was. Hy het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra, en Pilatus het beveel dat dit vir hom gegee moet word. Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het. Hy het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan.

**Ons lees in Johannes dat Jesus se liggaam ook met geurolie behandel is.**

**Johannes 19:40:** "Hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit met die geurolie behandel en in doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die Jode was om iemand vir die begrafnis uit te lê."

Vorbereiding vir 'n groter groep kinders: Skryf elke kind se naam aan die onderkant van 'n kolwyntjiepapiertjie en plaas die papiertjies in muffinpannetjies.

Bestrooi 'n blad waarop gesny kan word met 'n klein bietjie meel. Rol die deeg uit. Sny die deeg in blokkies van ongeveer 5 by 10 cm.

Sit die gesmelte margarien in een bakkie en meng die kaneel en suiker in 'n ander bakkie.

"Nadat Jesus dood is, het Sy vriende sy liggaam van die kruis afgehaal. Hulle het sy liggaam geolie."

Laat elke kind sy stukkie deeg mooi plat druk met sy hand. "Vat een marshmallow. Moenie hierdie een eet nie! As ons klaar is, kan elkeen 'n marshmallow kry om net so te eet." Elke kind neem een marshmallow en rol dit in die gesmelte margarien. ("Die Marshmallow verteenwoordig Jesus se liggaam en die margarien verteenwoordig die olie waarmee Jesus se liggaam gesalf is.") Rol dit daarna in die kaneelsuiker. ("Die kaneelsuiker verteenwoordig die speserye waarmee hulle Sy liggaam voorberei het vir sy begrafnis.")

"Sit die voorbereide marshmallow in die middel van 'n stukkie deeg. Vou die deeg oral rondom die marshmallow en druk die soompies styf teenmekaar vas. Maak seker daar is geen openinge nie." ("Die deeg verteenwoordig die linnedoeke waarmee Jesus se liggaam toegedraai is.")

Plaas die rolletjies (die marshmallows met deeg om) op 'n bakplaat wat liggies gesmeer of met bakpapier bedek is (of in elke kind se eie kolwyntjiepapiertjie). Dit werk beter om die toegevoede deel (die soompies) na onder te plaas. Sit dit in die voorafverhitte oond. ("Die oond verteenwoordig die graf.") Maak die oond toe en wag.

"**Mat 28:1, 2, 5-8:** Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk. Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit.

Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê." Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel."

Maak die oondduur na ongeveer 15 minute oop en haal die rolletjies uit. Laat die rolletjies effens afkoel. As die kinders die rolletjies oopbreek, sien hulle dat die marshmallows verdwyn het! "Die graf is leeg. Net die linnedoeke (die deeg) het in die graf bly lê. Dit laat ons dink aan Christus se opstanding."

Die kinders kan die rolletjies eet, proe en sien "dat die Here goed is".